Grys in al sy glorie

Variasies van grys bied die perfekte agtergrond vir jou winternessie. Dis knus, dis warm, en met spatsels wit, geel en swart is dit allesbehalwe grou.

Deur Misi Overturf • Assistent: Tina Cloete
Foto's: Francois Oberholster • Koopgids op bl. 127

Prentjiemooi
Bedrukte strooikussings (R225) van Woolworths (teen die middel van die maand beskikbaar).

Droom sag
Wat is meer romanties as die Renaissance-era? Dié strooikussings (links R479) van Wetherlys en (regs R399) van Linen and Glass sal my slaapkamer in 'n droomwêreld omskep.

Winkels toe

'n Tikkie ouwêreldse vroulikheid – dis mos wat jy nodig het om die winter snoesig om te wyl. Kyk waarmee Anneke dit gaan doen.

Wikkel jou toe
Oorgooideken van mikrovesel, 200 x 220cm (sowat R249), van Mr Price Home.

Proe ons nasie
As jy 'n klompie oorsese besoekers gedurende die FIFA Sokkerwêreldbeker verwag, kan jy gerus vir hulle iets uit South Africa Eats van Phillippa Cheifitz (R345, Quivertree) voorsit. Die heerlike resepte weerspieël ons lewendige, uiteenlopende kultuurerfenis.

Tongtippietoets
Ons gaan wyle Lannice Snyman se kookvernuf en puik produkte mis. Dié Shiraz-seesout vir die fynproewer (R30) is in samewerking met Rickety Bridge gemaak.

Blom van glas
Ek kon eenvoudig nie die asemrowende amarillis op dié vaas (R599) van Linen and Glass weerstaan nie.

Towerbeeld
Spieël in ivoorkleurige gekerfde raam (R119) van Linen and Glass.